## WAT IS 'N SESSIE?

Terme wat gebruik word:

**Konsortium** - Agri NW en Dispuutdienste het 'n samewerkingsooreenkoms waar beide partye saam die dispute/siviele eise bedryf. Dispuutdiense, die maatskappy, is die voertuig wat gebruik word.

**Sedent** - die persoon in wie se naam die Eskom rekening is of sy/haar gevolmagtigde;

**Sessionaris** - die persoon aan wie sekerheid gegee word. In hierdie geval Dispuutdienste (Edms) Bpk (2017/411250/07

| | |
|---|---|
| Wat is 'n sessie? | 'n Sessie is die instrument waardeur u as sedent, aan ***Dispuutdienste*** sekuriteit gee sonder dat u in kontant vir die dienste van hierdie **instelling** hoef te betaal behalwe 'n aanvanklike bedrag van R1000-00 per ESKOM punt. ***Die konsortium*** ontvang vergoeding alleenlik indien die instelling die dispuut opgelos het — **geen-sukses-geen-fooi**. |
| Het u, as sedent, 'n reg op gelde wat deur Eskom terugbetaal moet word? | U het 'n reg op terugbetaling van 50% op die bedrag wat in dispuut geplaas word. Met ander woorde, indien Eskom u oor die laaste drie jaar, sê nou maar, R52 000-00 per rekening te veel vir **ESKOM lynheffings** laat betaal het, het u die reg op R26 000-00 en ***die konsortium*** die reg op R26 000-00. |
| Is u verantwoordelik vir hofkostes ? | Nee! U naam verskyn nêrens op 'n hofstuk nie. |
| Watter risiko's loop u as sedent? | Geen. As jy die sessie geteken het, dra jy die vorderingsreg oor aan die sessionaris en moet hy alle risiko's dra. |
| Waarom is die sessie nodig? | (i) Dit is 'n praktiese oplossing want u as sedent, hoef slegs R1 000-00 per rekening aan die **konsortium** te betaal vir die dienste wat hierdie instelling aan u lewer om die geld terug te vorder van Eskom;<br>(ii) U naam verskyn op geen hofdokumente nie wat beteken dat u onder geen omstandighede vir hofkostes of enige ander kostes verantwoordelik is nie;<br>(iii) Vir ***Dispuutdienste*** as sessionaris, beteken die sessie |

| | |
|---|---|
| | dat vergoeding van die teruggevorderde bedrag verhaal word;<br><br>(iv) Vir ***Agri NW*** beteken dit dat die organisasie geen risiko loop ingeval van enige koste bevel nie. Dus word ***Agri NW*** ook beskerm.<br><br>(v) U het geen beslommernis of bekommernis om die bedrag in dispuut terug te eis nie;<br><br>(vi) Die bedrag wat Eskom u te veel gevra het, is sodanig dat dit waarskynlik vir u geen sin maak om hulle hof toe te neem nie. Dit maak alleen maar sin indien daar ’n groot aantal deelnemers is; en<br><br>(vii) Is u bereid om op u eie die risiko en kostes duur regsaksies aan te gaan? |
| U het dalk al gehoor dat mense hulle vingers verbrand het met die gee van ’n sessie? | Ja, inderdaad. Die beskerming wat u geniet is vervat in die fooi-ooreenkoms wat dit duidelik uitspel dat die sessie:<br><br>*Eerstens* - ’n **beperkte** sessie is. Beperk in terme van wat gesedeer word en vir hoe lank. Met hierdie sessie dra u slegs die oorverhaalde bedrae en ook net vir die tydperk van 1 Julie 2007 totdat die saak afgehandel is. Hierteenoor is die, soos wat die banke en ander kredietverleners van jou vereis, ’n sessie waardeur hulle op al u goed beslag mag lê vir die betaling van u skulde omdat u ooreenkoms vir die verlening van krediet ’n bepaling bevat wat al u bates onder sessie plaas;<br>*Tweedens* - om u as sedent verder te beskerm is die opskortende voorwaarde ingebring van **geen-sukses-geen-fooi behalwe vir R 1000-00 aanvanklike fooi.** U skuld ***Dispuutdienste*** nie ’n sent indien sukses nie behaal is nie. Sukses beteken die werklike terugvordering van die volle bedrag of gedeelte van die bedrag geld wat Eskom u skuld. |